MURRAYSBURGER

Murraysburg
a beautiful secret

The secret is out!

Go to www.murraysburg.co.za

The Murraysburger is now also available on the website. Hard copies at Kays, Butcher, Co-op & Victory Hill

Contact details on page 2

Nov 2011
R3.00
No 8

JEUG STEL VOORBEELD VAN DIENSLEWERING

En hulle het nogal die drie dae lange werksessies (en etes) met gebed begin! Dit is die verhaal van ’n groep van 8 werklose jeugdiges wat op straat was op soek na werk. Hulle het afgekom op ’n munisipale watersloot wat vir langer as 25 jaar toegeslik het. Dit het ’n onooglike gesig geword en kon ’n gesondheidsrisiko inhou. Vorige pogings om die oudste leiwatersloot in Murraysburg skoon te kry, het misluk. Gerugte doen selfs die rondte dat die tonnel in die middel ingeval het. Die onlangse poging om die sloot met ’n voertuig se wenas skoon te skraap het ook niks opgelewer nie. Die energieke seuns het net ‘n bietjie aanmoediging nodig gehad.

Met die klere aan hul lywe het hulle begin grou – 21 meter in ’n pikdonker tonnel. Nat, modderige swartklei en walms vrot water kon hulle nie keer nie. Eers was kopliggies nodig, maar later het hulle soos wafferse entrepreneurs nuwe metodes ontwerp om die klei diep in die tonnel “uit te myn” totdat hulle mekaar van weerskante af kon sien. Daar is selfs van spieëls gebruik gemaak om sonlig in te kaats, net om darem te sien waar gegrawe moet word. Grawe, hande en tuisgemaakte gereedskap – enige bruikbare ding is ingespan.

Hierdie verhaal is maar een van vele op die platteland en in ons land. Opbouende verhale wat vertel die golf van welwillend is groter as die golf van negatiwiteit. Dit het nie in

die eerste plek gegaan oor rekords of vergoeding of medaljes nie. Hierdie verhaal vorm deel van die terugkerende son wat sy lentegeur oor almal sprei. Daar waar mense hande vat en die gety van selfsug en verbruik inruil vir trots en nasiebou.

En as gevra word waar is die politici ná die verkiesing en wat doen die jeug in Londen se strate, is hierdie ’n voorbeeld van wat gedoen kan word.

Foto: André Louwrens

EYABANTU E COMMUNITY CENTRE, MURRAYSBURG

The e Centre consists of 10 computers and is a project of CAPE ACCESS, where each user gets 45 minutes per day to do what ever you want, e.g. Social Networking (Facebook, Smiggle as well as mxit), emailing, serving the net for school assignments, online job- and tertiary applications, typing your CV’s, letters, invitations, etc.

All that is needed from a user who wants to use it, because Eyabantu means “For the people by the People’ is your ID for registration, which is free. It’s open for everybody, young and old but it’s sad to see that only the young people come to visit. While I was growing up here in Murraysburg we didn’t have these resources, so people you guys are fortunate, make use of it.

O, ja voor ek vergeet. Ons is tans by die Masinyusane CLC, beter bekend as ABET, in Retiefstraat geleë, waar die ou Intermediêre Skool was. GOEIE NUUS!!! Ons sal binnekort verskuif na die THUSONG Dienssentrum om meer toeganklik te wees aangesien dit vir baie mense so bietjie onbereikbaar was. Ons het sowat 4 blanke verbruikers, maar net 1 leerling besoek so af en toe die sentrum. Dis juis die rede vir die aftrek THUSONG toe om dit meer toeganklik vir almal in die dorp te maak. Ons wil so ook gestremde persone bemagtig maar die mense voel die sentrum is onbereikbaar vir hulle. Die sentrum is vir die gemeenskap hier en ek voel almal moet toegang hê. Hopelik met die skuif sal ons van alle rasgroepe daar sien. Onlangs het 1 van ons verbruikers aanlyn aansoek gedoen vir 'n pos en is tans op proef vir 'n maand en die sentrum wens hom alle sterkte toe.

Kom en maak gebruik van ons dienste, sommer so terloops, ons sal volgende jaar ‘n rekenaar geletterheidskursus aanbied genaamd, ICDL (International Computer Drivers Licence) en JA dit sal ‘n geakkrediteerde kursus wees, boonop GRATIS ook. Die rede hiervoor is om die gemeenskap te bemagtig met rekenaarvaardighede. Mense die geriewe is hier so kom maak gebruik. Indien jy meer hieroor wil weet, besoek gerus die sentrum.

Ons werksure is as volg: Maandae tot Vrydae: 08H00 - 17H00 maar verbruikers word net tot voor of op 16H10 toegelaat a.g.v. die 45min want 17H00 is toemaak tyd.

Wesley I Claassen
Centre Manager - Eyabantu e Comm Centre

BRIEWE/LETTERS

TEL/FAKS: 049 844 0135 **SMS**: 072 2163 115 / 082 5093 120
EPOS: maritatheron@mweb.co.za / jenny_ballantyne@telkomsa.net
POSADRES: Voortrekkerstraat 30, Murraysburg, 6995

Skuilname mag gebruik word, maar alle briewe moet vergesel wees van 'n naam, adres en handtekening.
Die redaksie behou die reg voor om briewe te verkort of te verwerp. Die sperdatum vir bydraes is middel van die maand.
Pseudonyms may be used, but all letters must be supported by a name, signature and address.
The editors reserve the right to edit or reject letters. The deadline for contributions is middle of the month.

FROM THE EDITOR'S DESK ……..

Hello Murraysburgers !

Here we are moving towards the end of the year at rather a fast pace, eight more weeks till Christmas, and a lot to get done before then. We would like to wish all of our matriculants lots of luck for their forthcoming exams as well as anyone else who will be facing the challenge of end of year tests.

October was 'Social Development Month' and on the 4th October Murraysburg had a visit from the DA Minister of Social Welfare and Development, Alfred Frisk. Minister Frisk and his entourage visited the Community Crèche, the Combat Crèche, the Ebenezer Service Centre - which is a social club for the aged, the Youth Cell at the Police Station and ended with a lunch at Spitskop Old Age Home. It was really lovely to meet them and we all hope that Murraysburg will benefit from the visit going forward.

As animal lovers we are in the process of trying to organise for a group of vets to come to our town to spay and neuter as many dogs and cats as they can. I am sure that everyone is aware of the sad problem of unwanted and uncared for animals here. We will keep you updated as to our progress with this mission, as closer to the time we will need accommodation for them and would appreciate help from whoever is able to give it.

Jen

ALKOHOL MISBRUIK

■***Bekommerde inwoner, Murraysburg***: Kom ons wees eerlik met onsself. Meer as 20% van ons moeders van vandag gebruik alkohol. As moeders maar net weet dat dit hul ongebore baba affekteer, d.w.s. hul baba se brein word beskadig deur die drank (wyn of tuisgemaakte bier). Die baba of embrio neem dit in wat die ma eet of drink. Ek sê nie al die moeders in Murraysburg neem 'n drankie nie, of gaan uit met die doel om hulle dronk te drink nie.
Baie van die kinders op laerskool vlak sukkel met hul skoolwerk en as gevolg van die wynsindroom probleem moet die onderwysers ook sukkel. My advies is dat daar weer werkswinkels aangebied moet word by die kliniek en skole. Kinders kan nie konsentreer nie, nie woorde spel nie, ens. Dinge het te gou of te maklik geraak, want as die kind ouer is as 18 jaar, kan en mag jy nie meer die kinders die wet of orders sê nie. Ouers sal moet opstaan. Ek kan nie glo nie, ons dorp is seker die dorp met die meeste kerke, maar alles kan jy hier kry. Kom nou inwoner, kom ons leer ons kinders wat reg is, bring weer die waardes terug. Of die onderwysers by die hoërskool nou wil erken of nie, 20% van die kinders daar sukkel met hul skoolwerk. Hulle is nie lui nie, hul woon skool gereeld by. Hul doen hul skoolwerk. Waar lê die probleem? Of ons as ouers dit wil erken of nie, drank is die probleem. Kyk maar hoe baie kinders en moeders gaan na taverns. Dit kan lei tot baie ander dinge, soos verkragting, kinderverwaarlosing en besmetting met Vigs. Gaan ons doktors, onderwysers, ensovoorts hê? Kyk maar na ons plase, alles verander. Plaasarbeiders moet ook geskoold wees. Werkloosheid speel ook 'n rol maar as ons ons stem gebruik, dan kan ons baie probleme hok slaan. Ekonomies is ons dorp maar baie swak, maar ons sal rondom 'n tafel moet sit en kyk hoe ons hierdie dorp se probleme kan trotseer of te bowe kom.

POOR COMMUNITY SERVICE DELIVERY

■ ***Thanduxolo Mr-x Williams, Murraysburg:*** Service delivery has become a great concern in the community of Murraysburg as the iconic buildings in the community aren't properly serviced if ever. In the past few months complaints and concerns have aroused in the community due to lack of proper community service.

The streetlights haven't been working for almost a year despite repeated requests that they be fixed. This can become dangerous for the community at night, but it seems as if we, the community, are complaining to deaf ears. It seems that even the request for public telephones in Mountain View, well known as ***Afghanistan,*** haven't been taken notice of, as they have been asking for them for the past 2-3 years now. These telephones are necessary in case of emergencies or accidents as most of the people don't have any access to phones.

Recently a church hired the community hall to host their church conference. The hall was booked and paid for three months ahead. They paid the hiring fee of R109.50 and the deposit of R160.00. To their surprise they found the hall in an unusable and unhygienic condition - there was only one light in working condition, the toilets were blocked and dirty and the hall itself was dirty. They had to hire lights and clean the hall at their own expense. The Evangelist of the C.C.A.C. in Zion church said the day before the conference they received the key and immediately contacted the town manager and the municipal workers to alert them to the state of the hall. The town manager responded by saying that he is out of town and there is nothing that he can do. The Municipal worker/electrician said they couldn't do anything either! We are talking about a community building which is under the supervision of the Municipality here, if they don't at least service and clean these places which the community has to pay for the use of, what will become of the town?

Public toilets have for many years now, been asked for as well. Old people and children often have the need for these while in the town and there is nowhere to go!

Now these are the kind of services that the public needs and should be provided with. But when will these problems, complaints or queries be responded to? It is time that our municipality started addressing these problems. Maybe the community should speak louder or take action against the poor service delivery that they receive? We love and respect our town and demand that our requests at least be considered. We need good service delivery!

THE HEAVENLY VISION

I dreamt death came to me one night
And Heaven's gate grew wide,
With kindly grace St Peter came
And ushered me inside.

And there to my astonishment,
Were friends I knew on earth,
Those I'd labelled as unfit
And of little worth.

Indignant words rose to my lips
But never were set free,
For every face showed stunned surprise,

NO ONE EXPECTED ME!

SOMERMUSIEKFEES 'N EERSTE

Murraysburg – Die Somermusiekfees, wat op 19 Oktober deur die gemeenskap vir die hele gemeenskap van Murraysburg aangebied is, was in verskeie opsigte 'n uiters bemoedigende eerste.

Na 'n lang en besonder koue winter is die koms van die somer gevier en 'n groot aantal kinders en volwassenes het die geleentheid gekry om hulle talente met die res van die gemeenskap te deel. Boonop kon verskillende groeperinge in die gemeenskap saam iets aanpak en suksesvol deurvoer. Die idee van so 'n konsert het by ds. André Louwrens sy oorsprong, en verteenwoordigers van beide skole asook dorps- en gemeenskapsleiers het 'n komitee gevorm wat aan hierdie droom gestalte gegee het.

Nadat oudisies gehou is, is 'n program deur die komitee saamgestel en het die onderskeie groepe hard gewerk om hulle items so goed moontlik af te rond. Dit was verblydend dat groepitems in die meerderheid was omdat dit aan soveel meer leerders die geleentheid tot verhoogoptrede gebied het. Andersyds verg die afrigting van groepe natuurlik baie harde werk en die betrokke afrigters moet werklik met die hoë standaard geluk gewens word. Van die groepitems het die Khoisans baie byval gevind en het veral die kleintjies die gehoor se harte gesteel.

Die kostuums van die dogters wat soepel en ritmies op maat van die musiek beweeg het, was eenvoudig maar treffend en prakties omdat hulle dit weer en weer kan dra. Die genot van die koorlede van beide die kore van die primêre- sowel as die hoërskool onder leiding van me Thoba en mnre Paint en Van Rooy was ooglopend en meesleurend. Die koorleiers het werklik wondere verrig!

Die items van die "New Lord Comforters" het bevestig dat volwassenes, veral ouer dames, net so entoesiasties en ritmies soos die kinders kan optree en sing, terwyl die soliste Sergio Lottering, Isak Barber en Paul Avenant hulle vaardighede met die klawerbord, kitaar en stem gewys het.

Al het die gehoor elke item geniet, was ironies genoeg, Rossini se bekende aria "Largo al factotum", uitgevoer deur 'n begeesterde Werner Swart, sonder twyfel die gehoor se gunsteling.

Toegang was gratis en die opkoms uitstekend. Daar was beslis nie meer plek in die saal vir die spreekwoordelike muis nie. Mnr. Fine Ngqolelani, 'n gemeenskapsleier, het heel gepas die verwelkoming in drie tale gedoen, terwyl ds. André Louwrens die bedankings in twee tale hanteer het. Werner Swart was die seremoniemeester en mnr. Afrika die verhoogbestuurder.

Aangesien die NG-gemeente op 16 Oktober sy 156 ste verjaarsdag gevier het, het elkeen, om in die gemeente se vreugde te deel, ten slotte 'n stuk verjaarsdagkoek ontvang.

Die suksesvolle aand was 'n eerste projek wat verskillende groeperinge nader aan mekaar gebring het, maar beslis nie 'n laaste nie aangesien alle Murraysburgers vasbeslote is om saam te werk vir 'n beter toekoms vir almal.

Mette Kromhout

Unfortunately all the hard work put into organising the concert for the community was spoilt by the lack of respect shown to the performers by the audience. To stand up on a stage before so many people requires a lot of courage and the performers therefore deserved to be given a quiet space in which to display their talent. This unfortunately did not happen which was a pity as there was some really good talent which could not be properly appreciated due to the continuous noise from the audience! Well done to the organisers for all the hard work and dedication to get the evening together!

Dieetkundige woeker met woorde

Murraysburg – Aan Jacolet van den Berg, skoondogter van Kotie en Lina van den Berg, bekende boere van die Sneeuberge, het die ATKV onlangs vir haar boek *Lied in die hart* die eersteprys in die romanse-afdeling toegeken.

Dit was vir hierdie jong dieetkundige, wat 'n eie prakryk in Johannesburg bedryf, en 'n besige kleuter, sowel as manlief Ernst, versorg alreeds 'n groot verrassing om genomineer te word en sal die sukses van haar romanse haar verder motiveer om te midde van 'n vol program skryftydjies af te knyp, al sal die nuwe bababoetie natuurlik nou eers die prioriteit wees.

Van den Berg het veelsydige belangstellings soos die buitelewe, diere, skilder en lees. Sy lees wyd, soms nagte deur, en geniet uiteenlopende boeke soos *Water for elephants* deur Sara Gruer, *Pérsomi* van Irma Joubert en *Vat 'n Gap* deur Jani du Plessis wat sy onlangs gelees het. Vandat sy kan onthou, was sy gek oor woorde en stories, omdat hulle haar na ander wêrelde kon wegvoer. Tydens verskillende fases van haar lewe het sy met die gedagte om self 'n storie te skryf, gespeel, maar eers nou in seker die besigste fase van haar lewe het sy dit net eenvoudig begin doen.

Aldus haar is die droom oor 'n storie die maklikste deel van die skryfproses, maar dis dan moeilik om die nodige ure te vind om agter die rekenaar gestalte aan die droom en idees te gee. Omdat sy graag eerlik en opreg skryf, is dit tydrowend, maar vervullend.

Alle Murraysburgers is trots op Jacolet se deursettingsvermoë en prestasie en wens haar baie bevredigende ure agter die rekenaar toe.

WAAR DAAR 'N WIL IS, IS DAAR 'N WEG

Murraysburg – Dié spreekwoord is op 8 Oktober op Kareebosch as waar bewys toe die VGK-lede van die Rietfontein- en Laer Buffelsrivierwyk 'n baie suksesvolle basaar gehou het, nadat Margaret Booyse van Kareebosch en Lenie Blom van Kruidfontein met die idee gekom het om op dié wyse enersyds fondse vir die VGK te in en andersyds gesellig saam te verkeer.

Hulle entoesiasme was aansteeklik en die werknemers van 13 plase en hulle werkgewers is gemotiveer om met die hulp van Adrie en Flippie Conradie van Kareebosch 'n sukses van die geleentheid te maak. Aangesien die plaaseienaars van hulle voertuie beskikbaar gestel het, kon 80 volwassenes en 50 kinders die geleentheid ondersteun en geniet.

Ds. Ronald Allies van die VGK van Aberdeen, vergesel van sy vrou en twee kerkraadslede, het die opening waargeneem terwyl mnr. Frikkie MacPherson almal laat welkom voel het. Vyf kerkraadslede van die VGK van Murraysburg het die geleentheid op Kareebosch bygewoon.

Die tafels was gelaai met keurige gebak, poeding, gemmerbier en ligte etes soos lasagne, worsbroodjies en kerrie en rys. Natuurlik het die skyfies, lekkers, ysies en roomys veral by die kinders baie aftrek gekry. Daar is gesels en gespeel en kort voor lank was die tafels leeg en het die verkopings alleen die mooi bedrag van R6 880-40 opgelewer. Die bydraes in die Skatkis was nie minder as R1 505-00 nie en kon R8 385-40 aan die VGK Murraysburg oorbetaal word.

Daar is nie net groot dankbaarheid oor die geld wat ingesamel is nie, maar veral omdat weer eens bewys is dat daar met die nodige wil berge versit kan word. Aangesien almal dié dag so geniet het, is daar besluit om dit 'n jaarlikse instelling te maak en word almal in die wyk vir hulle hulp en bydraes bedank.

Vlnr.: Maria Cupido, Margaret Booyse, Jeanette Plaatjies, Sophie Pearce en Adrie Conradie - Kareebosch se feetjies

Vlnr.: Maria Cupido, Claress Rittels, Eileen Haarvoor, Lena Haarvoor, Jeanette Plaatjies en Margaret Booyse Kareebosch se engele

ELKEEN KAN KREATIEF WEES

Kobie Jeppe en Anna Berg met 'n kollage in die agtergrond

Murraysburg – By die Kunste en Handvlyt-vergadering op 12 Oktober 2011 van die Murraysburg VLV, sirkel Noord-Karoo, was Kobie Jeppe van die plaas Gannakraal, Victoria-Wes, die gasspreker en het sy en Anna Berg met groot kundigheid en entoesiasme die lede oortuig dat elkeen kreatief kan wees indien daar net 'n begin gemaak word.

Jeppe het verduidelik dat 'n kollage, soos wat vir die kompetisie vereis word, 'n driedimensionele voorstelling met 'n spesifieke tema, gemaak van oorwegend plantmateriaal, is. Dit moet nie net 'n mooi prent wees nie, maar iets oordra.

Sy het 'n kollage met die tema herinnering as voorbeeld gebruik en gedemonstreer dat ander materiale soos botteldeksels, 'n platgedrukte blik, knope, plasiekvoorwerpe ens. suksesvol gebruik kan word om afwisseling deur tekstuur en kleur te verkry. So het in haar kollage onder andere roomyslepeltjies aan seevakansies herinner. Elke item wat sy gebruik het, het iets van haar verlede vertel.

As basis kan afvalhout of ou ogiesdraad, drie- of vierdubbel gevou, gebruik word. Die idee is juis dat die kollage niks moet kos nie en dat stokkies, takkies, sade, peule, bas, palmkrulle en selfs blomme uit afvalmetaalgaas gemaak, gebruik word. Die ontwerp moet vloei en minstens een fokuspunt hê. Skerp hoeke of draaie dra selde by tot 'n esteties bevredigende geheel. Goeie beplanning ten opsigte van vorm, verhouding, tekstuur en kleur is nodig en die werk van 40x60cm moet netjies afgewerk word. Die slim gebruik van vorm en kleur skep die illusie van beweging en kreatiwiteit kan vrylik gebruik word.

Die basis hoef nie noodwendig heeltemal bedek te word nie, maar oop gedeeltes moet sinvol tot die geheel bydra. Alle plantmateriaal moet heeltemal droog wees. Die voltooide kollage moet netjies in 'n doos, soos die spesifikasies vereis, gemonteer word.

Verskeie van die lede het onder toesig van Jeppe en Berg rose van bloudraad en gaas gemaak en die gogga het 'n hele paar dames behoorlik gebyt. Die plase sal in die volgende weke gefynkam word vir alle moontlike bruikbare material en verskeie lede sal hulle kreatiwiteit vrye teuels gee aangesien Jeppe hulle oortuig het dat slegs die wil om dit te doen, nodig is.

Sandra Nolte, die uittredende, gewilde en uiters bekwame sirkelpresidente was onverwags 'n spesiale gas. Sy het die tak kom groet en vir die aangename saamwerk bedank. Sy sal deur die webbladsy op hoogte bly van die aktiwiteite van die Murraysburgtak. Alle lede het groot waardering vir Nolte en wat sy die afgelope jare vir die VLV in die Noord-Karoo beteken het.

IS IT A CRISIS OR IS IT STILL MANAGEABLE?

In this day and age teenage pregnancy has become a growing concern in our communities and a great problem in our society. This problem involves the community, schools, churches and the parents of these youngsters. It is very sad to note that teenage pregnancy mostly occurs between the ages 13 - 18 years (girls who are still meant to be on the school premises and under the supervision of their parents). Pregnancy at such a tender age is primarily due to lack of sex education and family planning. Talking to some teenage mothers and groups formed by some of these young girls, we endeavoured to find out the causes of the high teenage pregnancy rate amongst them.

- ***Psychological factors*** - teens go through a number of emotions caused by the onset of puberty and peer pressure.
- ***Peer pressure*** - teens let their friends influence their decisions to have sex even when they do not fully understand the consequences associated with the act, they have sex as a way to appear cool and sophisticated.
- ***Absent parents*** - teens are more likely to get pregnant if they have limited or no guidance from their parents. Poor family relationships, support, attention and affection from parents force them to seek love and support from other people especially the opposite sex.
- ***Sexual relationships*** between teenage girls and older men are more likely to end up in teenage pregnancy as compared to sexual relationships between their peers. Lower educational and income levels have also been associated with high rates of teenage pregnancies as most girls interact with the older men for money. Some even support their families in this way.
- ***Glamorisation of pregnancy (the in thing)*** - they want to be seen as part of the group, so if teen pregnancy is viewed as acceptable in their school or amongst their friends they may seek to become pregnant as a way to get social acceptance. In this instance it mostly appears to be in these groups that the girls bond or associate themselves with.
- ***Teenage drinking*** - alcohol and substance abuse ignite the sparks of lust and passion in teens easily as they call it a chill factor or stress reliever. This can cause an unexpected pregnancy as drinking lowers their ability to control their impulses.

Having done some research recently at the local High school and Clinic on this issue, it was alarming to see the stats of pregnancy amongst the teens in the past two years.

TEENAGE PREGNANCY RATE 2009-2011

AGE GROUP	AMOUNT OF TEEN PREGNANCIES
21 YEARS	21
20 years	27
19 years	27
18 years	27
17 years	19
16 years	22
15 years	5
14 years	1

HIV STATISTICS JANUARY 2010-JANUARY 2011

Age	Tested	Male	Positive	Female	Positive
15-35 yrs	689	179	13	510	47
36-50 yrs	164	73	13	91	14
51-	38	26	1	12	1
Children	39		1		2
Total	**930**	**278**	**28**	**613**	**64**

Other stats reveal that between 2009-2011, 6 of the babies born to mothers between the ages of 15-19 yrs were born positive. This year at school to date there have been 14 teen pregnancies calculated.

It's shocking to see these stats as teenage pregnancies create a host of other problems like incomplete education, unemployment, poverty, family embarrassment and risk to infection from HIV/AIDS. It is sad to see these young girls at school with their big tummy's and in the street some times late at night, at the taverns and clubs, seemingly unaware of the dangers of walking round late at night. Sadly in the community it seems as if it is acceptable to be pregnant at such a young age. You also get some of the girls not even really in their twenties but having two or more babies. With the high unemployment rate in our town all that happens, is that the families of the youngsters are left to try and support them which is almost impossible and the whole family structure is compromised.

Question is, what is society and/or parents doing towards ending this new pandemic that we face today. What should be done to keep the youth at school and focused on their careers and dreams?

Thanduxolo Mr-x Williams

A newly married husband saved his wife's number on his mobile as "**My life**". After one year of marriage he changed the text to "**My Wife**". After 2 years of marriage he changed the text to "**Home**". After 5 years of marriage he changed the text to "**Hitler**". After 10 years of marriage he changed the text to "**Wrong Number**".

MINISTER VISITS MURRAYSBURG

The visit from Minister Frisk was part of the programme for Social Development month. Apart from engaging with stakeholders on grass roots level, the Minister particularly wanted to see how services were being made available to the public, specifically services from the Department of Social Development. For this reason he visited the offices to see firsthand how people are treated, where they wait, who greets them, how they are assisted, etc.

From left to right: Debbie van Staden - Director: Partnership Development (Department of Social Development)
Albert Fritz - Western Cape Minister of Social Development
Elizabeth Cane - Principal, Community Crèche, Murraysburg
Marie Hendricks - Regional Director: Eden Karoo (Department of Social Development)
Carol Benadie - Manager, Beaufort West Social Development Office

The other focus was to look at NGO's that are funded by the department, in terms of the services they deliver to the communities in which they operate. He wanted to see whether the taxpayer get value for money at the end of the day. When one spends taxpayers' money, one has to be sure that it is being put to good use, to the benefit of all citizens in that community. He also wanted to get a first-hand idea of what the social ills are that plague that particular region and to see whether the department can do more to address these issues.

Overall, he was happy with what the department is doing in terms of job creation, social inclusion and service delivery of our core services.

He has asked the Regional Director to continuously look at ways of extending more opportunities for poverty relief and employment opportunities, especially to young people. He was very impressed with some of the community projects, especially those focussing on keeping young people occupied either after school or during holidays, and has committed to making more resources available to further their work.

Melany Kühn
Spokesperson
Ministry of Social Development

JESUS MAAK DIE STORM STIL

Deur: Wesley Claassen(St.Andrews UCC Senior Jeug)
Skriflesing: Psalm 94:18-19
Afrikaanse teks: Psalm 94: ***18 Toe ek gedink het my voete gly, het u troue liefde my regop gehou, Here.***
19 Toe ek met baie onrus in my binneste sit, het u vertroosting my tot rus gebring.
Engelse teks: Psalms 94: ***18 When I said, "My foot is slipping", your unfailing love, LORD, supported me.***
19 When anxiety was great with me, your consolation brought me joy.

Hello Almal

Vandag wil ek praat oor die **STORMS** in mens se allerdaagse lewe.

Sommige kere gebeur daar dinge in mens se lewe wat sodoende vir jou te veel word en wanneer dit te veel word dan weet jy nie meer watter kant toe nie. Paar voorbeelde is as volg;

- By die werk word jy verdruk
- Drankverwante en dwelm probleme van kinders
- Die gemeenskap wil jou nie aanvaar nie
- Huisdinge word te veel m.a.w jy as ouer weet nie waar die volgende ete vandaan sal kom nie.
- Jou vriende verstoot jou
- Jou kêrel of meisie verneuk jou
- Jou kar gee probleme en daar is nie genoeg geld om dit reg te maak nie en veroorsaak spanning by huis
- Jongman of jongvrou sukkel om werk te kry.

Nou Dawid kom herinner ons hier net dat ten spyte van STORME in ons lewens is die Vader met ons. Ek persooklik glo dat die Here nooit 'n taak op die mens sal plaas wat hy weet die mens nie sal kan uitvoer nie.
Vir daardie persone wat sukkel om werk te kry, Jeremia 29 vers 11 sê, "Ek weet wat Ek vir julle beplan. Sê die Here: Voorspoed en nie teenspoed nie; Ek wil vir julle 'n toekoms gee, 'n verwagting." So m.a.w op die regte tyd sal jy beloon wat vir waartoe jy geroep is, dalk is die werk waarna jy aansoek doen nie vir jou bedoel nie.
Vir daardie persone wat huishoudelike en verhoudings probleme, aanpassing in gemeenskap, drank en dwelms probleme mee sit. Die bybel leer ons dat almal wat bemoeid en belas is moet dit na die Vader neem. Exodus 14 vers 14 sê, "Bly julle maar kalm. Die Here wil vir julle veg." Hy rig ons op te midde van STORMS, dis 'n belofte van God af so swaai u fokus na God toe want Hy is by jou in daardie bootjie. Markus 4:39-41- Toe staan Hy (Jesus) op, bestraf die wind en sê vir die see. Hou op! Bedaar! Die wind het gaan lê en daar het 'n groot stilte gekom. Toe sê Hy vir hulle, "Waarom is julle bang? Het julle dan nie geloof nie?" Hulle is met groot ontsag vervul en het vir mekaar gesê, "Wie kan Hy tog wees dat selfs die wind en die see Hom gehoorsaam?" Prys die Here vir Storms, al is dit hoe moeilik want soos ek vroeër gesê ek,"Niks is te groot vir Jesus nie" want Hy het selfs die Wêreld vir ONS oorwin, nou laat mens nogal wonder oor psalm8:5 sê, "WAT IS DIE MENS DAN DAT U AAN HOM DINK, DIE MENSEKIND DAT U NA HOM OMSIEN?"

GEBED: Vader, dankie dat U aan ons dink en na ons omsien. Soms word die storms te groot maar dankie dat U die belofte gemaak het dat U ons te midde van storme op sal rig, Kom Nou O Meester en versterk ons om U te Loof en Prys al gaan ons deur diep storms want U is by ons, AMEN.

‘n Tuinpaadjie is ‘n baie belangrike fokuspunt

Ida Cloete entoesiasties aan die woord oor tuinpaadjies

Murraysburg – Tydens ‘n onlangse vergadering van die tuinbouklub op De Vlei, plaas van Jos en Ida Cloete, was die lede verras oor die groot rol wat ‘n paadjie in ‘n tuin speel. Dit is nie net ‘n middel om van punt A na punt B te kom nie, maar verleen ‘n besondere karakter aan die tuin. Dit kan jou verlei om allerhande interessante hoekies te ontdek, dit kan speels kronkel of, wanneer streng reguit, ‘n formele atmosfeer skep.

By die beplanning van die paadjie moet veiligheid en gemaklike loop voorrang geniet, afgesien van watter tipe paadjie verlang word. Dit is nie net ongemaklik om te moet trippel of spring nie, maar kan ook veral in nat toestande ‘n veiligheidsrisiko inhou. ‘n Mens moet dus nie suinig met stene wees nie.

Klippies, plaveistene of hout kan vir die paadjies gebruik word. Hout, veral dwarslêers, is die duurste, maar plaveistene is in ‘n verskeidenheid van vorms, groottes en kleure te koop. Sommiges is groot genoeg om die hele breedte van die paadjie te bedek, terwyl ander klein genoeg is vir interessante en soms selfs ingewikkelde ontwerpe. Bakstene kan ook gebruik word, terwyl van een sakkie sement 8 blokke van 400x400 gemaak kan word. Met kleurstof kan die sementblokke interessant gekleur word.

Dit verg tyd en goeie voorbereiding om ‘n suksesvolle tuinpaadjie te maak. Die oppervlakte moet skoon geskoffel en gelyk gehark word. Behandel dit dan met gif soos bv. Snapshot en stamp goed vas. Daarna word die oppervlakte met ‘n spesifieke tipe material, wat die groei van onkruid sal bemoeilik, bedek. Ida Cloete het Plantex Shield semi-poreus gebruik. Dit kan in wydtes van 3 m, 1.5 m of 1 m gekoop word. Die gebruik van swart sakke of plastiek vir dié doel veroorsaak modderigheid en is dus nie geskik nie.

Gemengde sand en droë sement word op die gelyk oppervlakte gehark en wanneer dit waterpas is met ‘n fyn sproei benat en met ‘n stamper vasgestamp. Dan word die stene in die gewenste patroon, verkieslik met ‘n fokuspunt, gepak en die ruimtes tussen-in asook die kraag om die rand met dagha gevul. Ruimtes tussen die stene word om verskeie redes aanbeveel. Top Seal QD Cement Sealer kan aangespuit, geverf of gepleister word en daardeur word die effek van sement verkry, alhoewel dit geen sement bevat nie. Dit is egter waterdig en baie gehard.

Indien ‘n mens eerder iets in die openinge tussen die stene wil plant, moet die grond met kompos en kunsmis verryk word. Dwerggras of grondbedekkers kan mooi lyk in die ruimtes tussen die stene. Vloeiende materiale soos gruis en dennespaanders in plaas van stene of hout vir die paadjie kan ook mooi lyk. Dit word bloot dik gestrooi met ‘n omraming van bakstene, wat in die lengte begrawe is om die paadjie te stabiliseer. Paadjies naby beddings kan ‘n helling vir afloopwater na die bedding hê.

Eenjariges of aromatiese plante soos roosmaryn, laventel en lekkerruik-malvas kan langs die paadjies geplant word en beligting met Solar Garden Lights skep ‘n besondere atmosfeer afgesien daarvan dat dit natuurlik die gebruik van die paadjies in die donker vergemaklik.

Die dames het Ida Cloete se praktiese wenke, wat sy self al beproef het, baie interessant gevind en kyk nie net met nuwe oë na die paadjies in hulle tuine nie, maar beraam allerlei planne ter verandering en verbetering.

Murraysburgers besoek die roosskou

Murraysburg – ‘n Aantal lede van die tuinbouklub het op 21 Oktober spesiaal Graaff-Reinet toe gery om die blomme-prag en rangskikkings in die pragtige St. James-kerk en saal te bewonder en geniet.

Die treffende blommeversierings en rangskikking in die portaal van die kerk was die handewerk van twee dames wat noue bande met Murraysburg het, Katryn van Heerden en Mariette Slabbert. Sarie Reynolds van Murrays-burg het hulp en ondersteuning aan hulle verleen. Die oorwegend geel van die hoofrangskikking het verwys na die tema van die skou “ Pot vol goud ”.

Die rangskikkings in die kerk het op hulle hoë standers mooi tot hulle reg gekom en die groot verskeidenheid blomme in spesifieke kleure was ‘n lus vir die oog, maar ook ‘n besondere lof-prysing vir die Skepper van alle dinge.

Miemie van Heerden en Susanna van der Merwe in die ingang van die St. James-kerk

Na ‘n gepaste skriflesing en gebed is die skou deur raadslid Arthur Knott-Craig geopen en kon die teenwoordiges na die saal beweeg om die massa blomme, wat onder andere in sambreelrang-skikkings van die dak gehang het, te bewonder. Vanaf die ingang het ‘n reuse reënboog na ‘n imposante rangskikking in geel en goud, wat die altyd ontwyk-ende pot goud voorstel, gelei.

Die Murraysburgers het heerlike botter-broodjies en tee geniet voordat hulle die kleurvolle tuine by die wooneenhede van die Rooi Kruis-kompleks gaan besigtig het. Die senior burgers wat daar woon, is met reg trots op hulle tuintjies, wat elkeen iets van die entoesiasme vir tuinmaak van sy eienaar vertel.

Vervul met nuwe ontsag vir die wonder van die skepping is daar huiswaarts gekeer. Baie dankie en geluk aan

SPITSKOP 4X4 DEUR ALMAL GENIET

Murraysburg – Die 4x4 wat jaarliks ten bate van Huis Spitskop in die Sneeuberge aangebied word, is goed ondersteun en alle deelnemers het die dag besonder geniet. Deelnemers het van alle omliggende dorpe en selfs so ver soos Prieska, Hofmeyr, Burgersdorp en Carnarvon gekom en baie positiewe kommentaar gelewer.

Vanaf 7:30 het die eerste voertuie op De Vlei, plaas van Jos en Ida Cloete, aangekom en kon die inskrywings in die groot skuur gedoen word. Terwyl elkeen sy beurt afgewag het, is die uitstalling van al die pryse besigtig. Die pryse was in vier groeperings en 'n R50-kaartjie het 'n belangstellende vir die gelukkige trekking laat kwalifiseer.

Die deelnemers kon met behulp van koffie, beskuit en warm pannekoeke die koue Sneebergluggie fnuik terwyl hulle mekaar se voertuie bekyk en besluit het watter een van die vyf beskikbare roetes aangedurf moes word. H.P. van der Merwe se Unimog het natuurlik die meeste aandag getrek! Die roetes is so gekies dat daar iets vir elke tipe voertuig en bestuurder was en veral die passasiers kon hul aan die natuurskoon van die Sneeuberge verlustig. Die moeilikste roete het beslis hoë eise aan selfs die vaardigste bestuurders en hulle voertuie gestel en moes daar soms van brute mannekrag gebruik gemaak word om die voertuie by die eindpunt te kry! Een passasier het tereg opgemerk dat die groot seuns behoorlik kon speel en hul staal agter die stuurwiel moes toon. Die 82-jarige Oscar Smuts van Murraysburg was die oudste deelnemer. Hy het roete 4 aangepak en die rit geniet!

Padaanwyser by Roete 5

Na 'n opwindende dag in die berge, was dit tyd om die pryswenners te bepaal. Daar is 233 R50-lootjies verkoop. Een persoon het 60 en 'n ander 25 lootjies gekoop. Laasgenoemde het pryse ter waarde van meer as R5 000 gewen! Die hoofprys, 'n stel bande van Dunlop geborg deur Supa Quick, is deur Izak van der Merwe van Aberdeen gewen terwyl Rikus Theron van Murraysburg nou die gelukkige eienaar van 'n kragopwekker is. Michelle Cloete, wat agter die skerms baie met die administrasie gehelp het, het 'n marmerwasbak gewen. Daar is baie ander wat met nuttige en goeie pryse kon huis toe gaan.

Die gelukkige trekking vir die borge het aan Dawie Putter van Supa Quick 'n koedoejag by Rikus Theron op Landsig besorg, terwyl John van Camdebo 4x4 en Werner van Mica elkeen 'n halwe lam van 13 kg losgeslaan het.

Sonder die borge sou die dag nie so 'n rekordinkomste vir Huis Spitskop opgelewer het nie en die organiseerders hoop dat die borge soveel blootstelling ontvang het dat dit vir hulle ook van betekenis is. Hulle is: Supa Quick, hoofborg, Graaff-Reinet Hardeware, Unique Granite & Marble, Mica Hardeware, Montego Classic, Nommerpas, Grassies Staal, KVB, D&L Panelbeaters and Recovery Service, Annique, Justine, Aalwynhoek te Uitenhage, CSV, Toyota Graaff-Reinet, Kloppers, Omnisolar, Merino Apteek, Botha's Garage, Botha Kelder, Melamine Corner, Herholdt, Kays Murraysburg, Fanies Apteek, Van's Auto, Agricol, LandMark, Vulstasie Murraysburg, Midland Drugstore, Propshaft Engineering, Karoo Guesthouse en Serfontein & Seun.

Jos Cloete, sy seun Josias, Jaco van Heerden en hulle gades moet gelukgewens word met die puik beplanning, reklame en reëlings van dié byeenkoms. Maandelank is aan elke detail aandag gegee en wonder 'n mens hoe hulle nog so tussendeur kon boer en werk. Hulle het nie net 'n rekordbedrag vir Huis Spitskop geïn nie, maar dit was ook vir elke deelnemer en passasier 'n aangename belewenis en is daar na die tyd nog lekker om die braaivleisvuur gekuier.

Mette Kromhout

Kommentaar ontvang van deelnemers en borge:

'Daardie "bobbejaanpad" - geluk aan die 17 wat dit aangedurf het, elke deelnemer wat met my kom praat het, is kinderlik opgewonde oor die uitdagings wat aan bestuurder en voertuig se vernuf gestel is.' ' Dit was die beste ooit!' 'Die lekkerste dag van my lewe!' 'Dit was nou sowaar 'n 5 pad!' 'Dit was wat ons al lankal gesoek het! 'Oom kyk hoe lyk ek van die modder – dit was nou lekker om vas te sit, ons kom volgende jaar weer!' 'Hier het julle nou die regte ding beet – dit gaan groot word ('n borg se woorde). 'n Ander borg het gesê: 'Maak staat op tenminste 'n verdubbeling in borgskap vir 2012. Ek is baie tevrede met die blootstelling – julle het uitstekend gevaar om 45 voertuie oor so 'n groot gebied te trek – dit wil gedoen wees'. 'Dit is baie goed georganiseer – baie geluk', was die strekking van vele gesprekke.

Elke inwoner en die personeel van Huis Spitskop wil die organiseerders gelukwens en hulle en elke ander betrokkene van harte bedank!

Young girls and teen mothers to what do you offer and sacrifice your life to?
Moving from the first camp of the contract workers till
The last seat of this weekend's newest quantum (taxis)
Calculating the first entrance of the money loader (sugar daddy)
Till the last cap of beer dropped to the ground
You entered the night as a lady but exit the tavern as
A weekend special for womanizers
Being bought and bribed by a few beers or
Being captured by the vision of ***"die nuwe ou"***
Then being hypnotized by the newest car or taxi that enters the town
Where is your wisdom and self-respect girl? Have you lost your dignity and self worth?
Being framed by those whom you call "my best friend" to these men
Enjoying the fun and pleasure as being seen as ***" D'girl"***
But with the end result being left pregnant with the possibility of being HIV positive
Ask yourself if it was worth it…….

It's tough to believe or think of the possibility that my town is moving into ***prostitution.*** Girls wake up and get out of this reckless behaviour, you still got time. Before you are being caught up in prostitution, being left pregnant to raise a child without a father.

Thanduxolo Mr-x Williams